



# STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Besigheidsbestuurder:** H. A. Esterhuizen.
**Sekretaris:** W. J. I. M. du Plessis. **Medewerkers:** D. L. Hattingh, P. J. v.d. Berg.
**Subredakteure:** J. P. B. Viljoen; J. F. Botha; J. F. E. Esterhuizen; Mej. S. van Wyk.

Deel III. No. 2. MEI 1948. 2/6 per jaar.



## Century

RADIO & TUBE CO. S.A. (PTY.) LTD.

*Adres*: Kerkstraat 240,
Pretoria.

Werkswinkels & Pakhuise:
Potgieterstraat 305,
Pretoria.

Daar is te min ruimte in hierdie advertensie om u alles te verduidelik en ons voel ook dat ons dit beter en deegliker kan doen óf by geleentheid van 'n persoonlike besoek aan u, óf deur u navrae afdoende te behandel deur die pos. Onthou ons is Spesialiste op bostaande gebied. Alleen die allerbeste vakmanne doen die werk vir u en ons verteenwoordig beroemde fabrieke wat deur die jare hul merk gemaak het. Ons spesifikasies, raad en kwotasies is gratis en volledig. Ons verstrek gewaarborgde leweringstermyn en alle installasies word tenvolle gewaarborg om vir 'n lang periode sorgvrye diens te verskaf.

Die Wapad.

MEI 1948.

# SABBATSONTHEILIGING

Ons leef tans in die sogenaamde verligte eeu en sou dus verwag dat die mens op hierdie hoë ontwikkelings fase ook 'n gebalanseerde ontwikkeling op alle lewensgebiede sou vertoon. Maar wat is die huidige geval—met al sy verligting staan die mens voor 'n gapende afgrond en hy stuur nog steeds blindelings daarop af. 'n Oorsaak moet altyd 'n gevolg hê, die val van die magtige Romeinse wêreldryk word dikwels beskryf as teweeggebring deur die luukse van welvaart. Die vraag is nou, kan daardie verpletterende faktore nie reeds vooraf waargeneem word nie. Alte seker, oorlopend vir die oplettende en 'n ergernis vir die wat dit wel waarneem maar graag wil voortgaan met die „geluk" wat op geen blywende wortel stoel nie.

Onder die veelvuldige faktore wil ons slegs een uitsonder en van nader bekyk nl. Sabbatsontheiliging na aanleiding van 'n toespraak wat onlangs gelewer is, en wat eintlik deur 'n wyer kring gehoor moes word, aangesien dit ook die belange binne ons eie studente-gemeenskap geld.

Vanaf die begin van die skepping is die Sabbat ingestel deur God wat op die sewende dag gerus het van al sy werk. Na die val in die paradys kry die mense die onderhouding daarvan as 'n gebod van God.

Laat ons 'n oomblik om ons heen kyk en kyk hoe dit met die Sabbatsheiliging gesteld is.

Hoe staan sake met die **kerkbesoek.** Dit is die vernaamste plig op die dag want dan word Gods Huis besoek en sy Woord aangehoor. Ontstellend is die egter om te sien watter persentasie van ons studente Sondae vir die eerste keer opstaan net voor die etensklok die middagmaal aandui.

Ook die gebruik van Sondag as 'n **kuierdag** neem al groter afmetinge aan. Gesonde kuier-gewoontes is veredelend, maar die gevaar bestaan dat die kuiergewoontes ontaard in ydele geklets en meestal onafsoenlike gesprekke met luide gelag en skerts wat die Sondagrus van mede-studente steur.

Maar op die Sabbat moet die mens ook die Bybel en stigtelike lektuur lees en bepeins. Ook dit word vandag grootliks agterweë gelaat. In plaas daarvan word **Sondagkoerante** gekoop en hiermee hou hul, hul die heeldag besig. Die nuus van die week word smaaklik gelees en die sportuitslae van die vorige Saterdag gretig verslind. Die wêreldsake verdring die geestelike sake. In plaas van geopende Bybels vind ons geopende koerante. Voor die geestesoog van die mensheid verrys op hierdie dag die vermaarde figure van die boks- en stoeikryt, die tennisbaan, die voetbalveld! Dit is sake wat grootliks ons lewe beheers. Die Afrikanervolk is sport-mal en hierdie verderflike verafgoding is besig om ons so in beslag te neem dat daar geen oog of oor of hart meer is vir iets anders nie, selfs nie vir die Sabbat nie!

Hier en daar word nog na die uitsending van 'n erediens geluister, maar dikwels op oneerbiedige wyse, gekleed in kamerjapon, sigaret in die mond, terwyl gaap na gaap die belangloosheid verraai.

Die ware kerkganger sal die kerk besoek want daar alleen kan hy die gemeenskap van die heiliges smaak. Ons mag nie toelaat dat die radiodiens ons weghou van die kerkbesoek nie.

'n Verskriklike los gees maak hom van ons studentelewe meester en dit gaan onbekommerd voort.

As dit die toestand is onder studente wat in die toekoms belangrike posisies in ons volkslewe sal moet vul, dan sien die toekoms van ons Afrikanervolk daar besonder duister uit.

## *HIEROOR EN DAAROOR.*

Langs hierdie weg wil die redaksie hul opregte dank oorbring aan **Prof. D. J. van Rooy** vir die bydrae tot die oud-studente rubriek. Ons stel dit hoog op prys dat ten spyte van veelvuldige werksaamhede die geagte professor nog die tyd kon vind om iets vir die rubriek te lewe.

(Vervolg op bls. 3, kol. 1).

BIBLIOTEEK P.U.K. vir C.H.O.

**ELKE DAG VARS**

**TURKSTRA SE BAKKERY**

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

**Foon 282.** **Foon 282.**

**KERKSTRAAT 37,**

**DE KOCK'S**

ELEKTRIESE DIENSTE

"Frigidaire" Yskaste,

Radios,

Verligting Toestelle

EN ALLE

Elektriese Toebehore.

Takke: **Klerksdorp, Lichtenburg, Blyvooruitzicht.**

**KOM SIEN ONS**

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

Uit Oud-Studente-pen . . .

# TEOLOGIESE STUDENTE SE EERSTE VUURPROEF

## *PROF. D. J. VAN ROOY VERTEL.*

Met 'n teologiese skool in ons midde is baie van ons „bevoorreg" om so elke nou en dan 'n eerste preek by te woon. Herden-ten-dage is dit nie meer so 'n seldsame gebeurtenis as vroeër nie en word dit miskien ook nie meer altyd as 'n voorreg beskou nie. In die dae van ouds was dit bepaald 'n gewigtige moment wanneer 'n teologiese student vir die eerste keer voor die gemeente optree.

**Daar ek nooit self teologiese student** was nie, kan ek geen verslag van die prediker se gewaarwordings by so'n geleentheid gee nie, en kan ek hulle alleen as toehoorder aan die hand van uiterlike tekens benader. Wat ek daaroor te sê het, het vanselfsprekend betrekking op die verre verlede; die teologiese student van vandag tree met soveel selfvertroue op en die gehoor luister met soveel aandag en stigting dat 'n vreemdeling dit waarskynlik selde agterkom dat hy na 'n „eerste preek" luister.

Eers die voorbereiding. Dit was intens. Ek weet van een jonge broeder wat middag na middag 'n deklamerende gang om die uitgestrekte gebied van Witrand-instituut volbring het. Of dit tot stigting van die pasiënte was, weet ek nie. Eindelik het die derde gelui weergalm en moet die lang pad van die konsistorie na die kansel afgelê word, 'n beproewing—selfs vir menige—ervare predikant. Al wat student is, is vanselfsprekend vanaand daar, meer in spannende verwagting dat een of ander onortodokse insident gaan plaasvind as iets anders. **En daarvan is die slagoffer sig ten volle bewus.**

Toe Golië vir die eerste keer daardie lang paadjie moes aflê, wat dit met so'n spoed dat hy die preekstoel bereik het toe die tweede in gelid nog maar halfpad was. En toe gebeur dit. Hy struikel oor die eerste trap en bestyg die res in naasteby horisontale stand. Ten spyte van die voorval het sy preek so'n indruk gemaak dat dit feitlik vergete was toe hy aan die einde weer met die einste trap moeilikheid kry en byna op sy neus tussen sy gehoor beland! Aan alle verwagtinge van sy medestudente het hy skitterend voldoen.

Hugo se eerste optrede was, op 'n enkele insidentjie na, foutloos. Nadat hy die eerste psalm aangekondig en gelees het, het hy versuim om die gebruiklike herhaling van nommer en vers daarop te laat volg en doodgerus gaan sit. Die orreliste wag op die tweede aankondiging en verroer intussen geen vinger nie. Gevolg: hoogspanning wat plotseling verbreek word deur 'n halfluide: „Waar's ou Hoog nou"? Langsaam verskyn 'n hoof wat van nature rossig is maar nou vuurrooi vertoon, bo die kanselrant en gee „ou Hoog" die nodige herhaling. Om dadelik weer te verdwyn terwyl orrel en gemeente eindelik van hulle laat hoor.

Vars in die herinnering is die geval van die Aspirant-dominee wat, deur eie welsprekendheid meegesleep, sy gehoor aanspreek as „Dames en Here."

Ja, dit is en bly die moeite werd

(Vervolg op bladsy 12, kol. 3).

---

(Vervolg van bladsy 2, kol. 2).

Ons wil **Mnr. A. v.d. Walt, J. Esterhuizen (Patrys), J. J. Grobbelaar** en **K. D. Struwig** gelukwens met die onderskeiding wat hul te beurt geval het nl. om in die Wes-Transvaal se Hokkie-span opgeneem te word.

* * *

**Mev. Engelbrecht** (of beter aan ons almal bekend as **Tant Engeltjie**) word 'n hartelike welkom toegeroep waar sy tydelik die pos van **Mev. Pelser (Tant Pellie)** wat met drie-maande siekverlof is, vul. **Ons hoop net dat Tant Engeltjie ook haar pannekoek reseppe saamgebring het.**

---

Ons innige simpatie aan **Mej. Ria Theron** met die afsterwe van haar broertjie. Ons bede is dat sy met haar ouers getroos en versterk sal word deur die kragtige werking van die Heilige Gees.


**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË.

**P. GROBBELAAR**
FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van
Rex Trueform Klerasie.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65,
POTCHEFSTROOM.

*Aan die wat lief het:*

Skenk 'n foto wat die romanse sal bevorder.

*Aan die wat presteer:*

Sorg dat u trots sal wees op die fotografiese bewys van u prestasies.

*Aan die wat aarsel:*

Die professore en lektore wat ons binne die eerste ses weke reeds ondersteun het, of ondersteuning toegesê het, of waardering vir ons werk uitgespreek het, word van harte bedank. Ons strewe daarna om mense met onderskeidingsgawe te bevredig.

*Aan die Intelligentsia:*

As Kritzingerfoto's só „anders" is dat hul op uitstallings bekroon word dan is dit omdat die leiding van die kunssinnigste S.A. fotograwe nie vrugteloos was nie.

**J.N.J. KRITZINGER**

*FOTOGRAAF,*

**KERKSTRAAT 84,**
**POTCHEFSTROOM.**

**ANELLAS**

vir

**ALLES EN NOG WAT.**

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.

# ONS LESERS AAN DIE WOORD

Geagte Redakteur,

Dit is al 'n geruime tydjie dat ek voel om my opinie te lug aangaande die verhouding tussen ons P.U.K.-studente en die gees wat onder hulle heers sedert „verwelkoming" die plaasvervanger van ontgroening geword het. Tot dusver het ons reeds skerpe kritiek van die senior studente ontvang en het geeneen van die intermediêre of junior studente hy, sy of haar opinie in hierdie verband gelug nie. Met gelewerde kritiek kan ons egter nie tevrede wees nie. Dit was in elk geval onprakties gewees om na die intervarsity teen Universiteit Pretoria, die pen op te neem en 'n kritiek te lewer wat eerder 'n vyandige onderlinge verhouding skep deur beskuldiging, in plaas van om prakties te wees en die toestand waarin ons verkeer ten opsigte van ontgroening, vierkantig in die oë te kyk en die beste daarvan te maak.

Die tweede jaar wat sy papiestadium die vorige jaar al ontgroei het, kom nou uit die dop uit om hulle krag in die studentelewe in te gooi as toekomstige senior studente en as persone wat in die toekoms die leiding in die studentelewe self moet waarneem. Die tweedejaars wag op leiding en op die voorbeeld van die studente wat al ryper van ervaring is en al hulle intermediêre stadium deurgemaak het—trouens niks meer is nodig nie want die nodige vuur en gees vir deelname ontbreek nie.

Maar wat is die leiding wat ons kry! Wat is die voorbeeld wat vir ons gestel word!

Geen praktiese poging word aangewend om enigsins die gees onder die P.U.K.-studente aan te wakker nie en as die lakse gees se gevolge voor die dag kom, dan word die pen opgeneem en die skuld op die afskaffing van die ontgroening gepak. (Soos in die Wapad van 19 September 1947). Sake wat in die verlede die P.U.Kaners geleentheid gebied het om 'n saamhorigheidsgevoel te kry en gesellig te verkeer soos ons jaarlikse piekniek en landsdienskamp word ons ontneem. Waar ons ander jare teen hierdie tyd al reeds twee massavergaderings gehad het, het ons vanjaar nog nie eers een gehad nie. Alles word afgestel „weens omstandighede" en in meer woorde word dit nie vir ons uiteengesit nie.

'n Ander gevolg van die afskaffing van ontgroeiing is dat die seniors 'n vyandige houding inneem teenoor die juniors. So het byvoorbeeld, 'n studenteraadslid in 'n algemene koshuisvergadering van Piet Grobbelaarhuis die tweedejaars, en dit in teenwoordigheid van die eerstejaars, daarvan beskuldig dat hulle te groot vir hulle skoene is in hulle verhouding met die seniors. So het 'n senior gedurende die afgelope verwelkomingsperiode, meer as een tweedejaar voor die bors gegryp en hom in die teenwoordigheid van die drake gevra watter reg hy het om as ouheer teenoor die eerstejaars op te tree.

Dit is die ware en opregte houding wat ons as toekomstige seniors moet inneem, dit is die gees wat die seniors skep in die teenswoordige toestand van nie-ontgroening.

Dit is geensins my doel om verdere stryd tussen die intermediêre student en die senior te verwek nie. Ek lug my beskeie opinie met die doel om opbouende kritiek te lewer en om die seniors daarop te wys dat ons as tweedejaars met 'n gewillige gees wag op leiding en 'n versoenende houding van hulle kant, sodat ons in die studentelewe kan versmelt om sodoende 'n eenheidsgees op P.U.K. te kry.

TWEEDEJAAR.

---

Geagte Meneer die Redakteur,

Ek wil weereens 'n onderwerp aandurf waaroor baie gepraat, gedink en geskrywe word.—Waar jy jou ookal beweeg, tussen die studente, op vergaderings, in die intieme vriendekring, ja orals op en selfs buite die P.U.K. vra almal die ou vraag: „Wat haper aan ons studente? Hoekom lê ons so min inisiatief aan die dag?" En dan is ons almal roerend eens op die punt: „Iets moet gedoen word!"

Geagte leser, as u die inleiding klaar gelees het, sal u met 'n handgebaar, en met 'n diep sug besluit dat dit maar weer die ou gesanik is oor die ou onderwerp.—Maar hier lê reeds die fout—ons beskou die lamheid en slapheid as 'n **onderwerp**, en as niks meer nie.—Dit het tyd geword, dit is inderdaad al lankal tyd, dat ons onsself afvra wat ons **werklike** houding is teenoor ons werk, teenoor ons medestudent, teenoor ons verenigingslewe, teenoor ons sport, teenoor ons volk, en ook

(Vervolg op bladsy 11, kol. 3).

# 'N OULIKE BUL EN 'N SNAAKSE STORIE. . . !

## *Dail in die moeilikheid.*

Die voorval het natuurlik jare der jare gelede gebeur nog voor die Boere die Engelse byna opgedons het. Vir sommige van die mense was dit 'n grap, vir ander anders, maar vir Dail was dit 'n tragiese tragedie.

Dit was bedrywig op Molteno dié Vrydagmiddag kort voor Nagmaal. Die son was aan die kook, en die swetende gemeenskap kon dit dan ook nouliks langer duld.

A! Dis net die dag vir 'n lekker swem. Swart Dail Meyburgh het sy maats bymekaar gemaak en die sewetal pik af dam-toe. Dit was 'n taamlike groot dam en pret sou volop wees. Gou-gou het bondeltjies klere, skoene ens. op die groen kweek verskyn en binne 'n kort tydjie staan die jong klomp glimmend in die son sonder 'n draad klere aan hulle lywe—die Boere het toe nog nie swempakke gebruik nie aangesien dit te gou nat geword het.

Met 'n „kom boys" storm die kaal kommando die bruin water binne en gou is die dam byna 'n modderpoel soos die ouens tekere gaan. Die dam was nie ver van die dorp af nie—slegs 'n paar honderd tree—maar dit was goed uit die oog weens 'n digte lap kriebosse wat daar gegroei het.

Die swemmery is in volle swang en steeds styg die genot. Party het wel al 'n paar teue modderwater in, maar dit maak geen saak nie.

„My jeslaaik ou Japie, kyk die beeste in die dam!" roep Hans sy maat toe. Die dorpsbeeste wat daar naby gewei het, het ook die hitte gevoel, en soos 'n bees maar is, gaan verkoeling soek in die water. Nou gaan die sports eers begin! Swart Dail kry 'n blink idee toe hy oom Kerneels se jong bul ook tussen die beeste gewaar.

„Kyk kêrels, keer julle die bul na die diepkant toe sodat ek hom aan die stêrt kan beetpak," skrou Dail.

Na 'n woeste vuurdoop onder kluite en kleibolle het die bul dieper ingewaag. Daardie swart kop wat so op-en-af dobber naby die bul is Dail s'n.

Seepglad swem Dail nader na die bul wat al sy oë begin omdop en brulletjies uitstoot. „Versigtig nou Dail. Gryp kêrel!" A, hy het hom netjies aan die stêre beet en met 'n vinnige beweging het hy die kwas met 'n slag om sy hand gevleg. Dail is darem maar 'n „tawwe" ou!

Water en skuim spat soos die bul swem maar al wat klou is Dail. Die ander ouens het natuurlik nog meer bygedra tot die vrees en spoed van die arme dier met hulle barbaarse geskrou. Dwarsdeur die dam gaan dit. „Dail, jy moet los ou man, die bul wikkel dorp-toe jong!"

Maar sy hand sit vas. Die nattigheid het die slag van die stêrtkwas om sy hand vasgetrek en daar sit ta.

Die duwweltjies steek laf onder sy voete en die klippertjies doen hulle werk „overheen" aan sy voetsole. Die verbouereerde dierasie skeur die wêreld dorp-toe en Dail moet net sy bene rek om by te bly en nie in die grond te ploeg nie. Sy lyf lyk al naar van al die skrape en dis ook nie lekker om kort-kort 'n paar modderkloutjies onder jou snoet te hê nie. En het Dail daai bene gerek om by te bly! Buitendien was rekspasie volop aangesien daar geen klere was wat be-

(Vervolg op bladsy 12, kol. 1).

ONTMOET U VRIENDE

by die

SONSKYN KAFEE

en luister na u

EIE KEUSE MUSIEK

DRIE BEROEMDE

1/6 GENEESMIDDELS:

Alma Hartdruppels,

Metafos: die groot senuweeversterker,

Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.

S. M. LEWIS, BEP.,

APTEKERS,

POTCHEFSTROOM.

SELMA'S

TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.

KOM NA

POTCHEFSTROOM

HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

Fone: 259 & 250.

KERKSTRAAT,

POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE


KERKSTRAAT 92,

POTCHEFSTROOM.

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.




# INTERVASITY!

*Pukkies, vanjaar het ons sommer twee Intervasities agtermekaar n.l. teen U.K.O.V.S. 5 JUNIE OP BLOEMFONTEIN en teen U.P. 12 JUNIE OP POTCHEFSTROOM.*

Wat betref die eerste een teen U.K.O.V.S. Persone wat as besoekers (d.w.s. non-deelnemers) wil saamgaan moet die Kennisgewingbord dophou.

Daar is vanjaar besluit dat alle besoekers 'n deposito van 10/- moet betaal wanneer hulle die name ingee. Dit is om te verhoed dat ons reel vir 'n spesiale trein vir 300 studente soos teen U.P. en op die ou end gaan net 180. Die spoorweë het ons laas jaar amper laat inbetaal vir die ander 120. Ons moet weet hoeveel gaan en daarom dus die besluit dat alle besoekers 10/- deposito moet betaal, om te verseker dat hulle gaan.

**Pukkies namens die S.S.B. doen ek 'n beroep op julle om almal saam te gaan na U.K.O.V.S. As ons spanne die nodige steun van die verhoog kry, gaan U.K.O.V.S. swaar leef. ..Onthou, hoe meer afgaan na Bloemfontein hoe groter sal die pak wees wat hulle gaan kry.**

Probeer ook soveel as moontlik, om almal rosette in die hande te kry asook enige ander iets wat as onderskeidingsteken kan dien met P.U.K.-kleure. Ook skep dit 'n baie mooier indruk as almal in wit op die pawiljoen verskyn: Dit vul die gebrek van kleurbaadjies tot 'n groot mate aan. Asseblief Pukkies probeer julle bes wat dit beleef. In die verlede het ons maar 'n taamlike swak indruk geskep op die verhoog.

Ook namens die S.S.B., gaan sing tog as daar die aand sang is. Dit is nie eers nodig om iets te sê oor ons sang in die verlede nie. Ons moet baie verbeter en dit kan alleen gebeur as almal die sangoefeninge gereeld bywoon en dan sing—nie soos baie na die sang gaan om net lawaai te maak en die taak van die dirigent moeiliker te maak as wat dit reeds is nie.

Wat U.P. betref bly ons maar stil want ons dade alleen sal getuig, veral as ons dink hoe ons laas jaar se telling gaan **omruil.**

As ons almal ons bes gaan probeer dan **moet** dit beter gaan en sal ons 'n baie beter gees opmerk, veral met Intervasities.

Dankie.

F. S. DU T. MEYERS
(Voors. S.S.B.)

# P.A.N.S.O.

Op 'n onlangse ledevergadering het al die lede van P.A.N.S.O. asof uit een mond besluit dat hulle nou ook weer 'n begin wil maak met landsdiens. Met die grootste vrymoedigheid het die bestuur dan ook so 'n landsdiens georganiseer. Spoedig sal al die P.A.N.S.O.-lede weer sy aan sy staan om iets te verrig wat ver uitgaan bo gewone arbeid. Nie alleen verbeter ons so ons eie terreine nie, nie alleen leer ons weer die liefde vir die grond aan nie, nie alleen smaak ons die vreugde van ons eie handearbeid nie. Nee, die landsdiens is ook 'n volksdiens.

Daarom wil P.A.N.S.O. dan 'n beroep op al sy lede maak om hierdie saak aantepak, en wel in die gees van ons leuse: „Eendrag maak mag.”

**Vanaf 15 Mei sal ons begin om elke Saterdagmôre vir omtrent 'n twee-uur op die nuwe tennisbane te werk. Die metode wat gevolg sal word is om al die P.A.N.S.O. lede, mans en dames in groepe te verdeel. Die groepe sal dwarsdeur die jaar kompeteer, en aan die einde van die jaar sal die beste landsdiensgroep aangewys word.**

**Die 31ste Mei sal P.A.N.S.O. ook weer hulde bring aan hulle wat vir ons gesterf het. Ons sal die konsentrasie-kamp-kerkhof gaan skoffel.**

Op 'n werksvergadering sal u verdere reëlings omtrent die landsdiens verneem.

Voorlopig net dit: Dit is elke lid van P.A.N.S.O. se plig om die saak te ondersteun.—Mag P.A.N.S.O. so ook weer die leiding neem, en toon wat gedoen kan word.

W. J. DE KLERK.

# KORPS V.V.

Soos dit nog altyd in die verlede die geval was, is en bly bogenoemde vereniging die stukrag in die uitlewing van die Calvinistiese beginsels in ons studentelewe. So is dit, en so moet dit bly!

Twee programvergaderings is reeds gehou by watter geleenthede Prof. dr. S. du Toit met 'n lesing oor: „Groen van Prinstere,” en Ds. Dreyer oor: „Die Toekoms van die Kerk,” respektiewelik opgetree het. Albei lesings was van besonder hoogstaande gehalte en uiters leersaam. Ook is die vergaderings goed bygewoon. In hierdie opsig is daar egter nog ruimte vir verbetering.

Die bestuur wil die vertroue uitspreek dat die programvergaderings wat nog in die loop van die jaar gehou sal word, en by watter geleenthede ook uiters leersame onderwerpe behandel sal word, goed bygewoon en leersaam gevind sal word.

BEN LOMBARD.

**P. D. in der Wald** is na Skoonoupa geneem om die brand van goedkeuring te ontvang.

Skoonoupa: Waar bly jy?

P.D.: In Gathland, Oupa.

Skoonoupa: Ek kon dit dink

*MANSHOKKIE.*

## A-SPAN NOG STEEDS ONOORWONNE.

Die seisoen waarna alle spelers uitgesien het, het eindelik aangebreek en reeds op hierdie stadium kan 'n baie suksesvolle seisoen vir hierdie klub voorspel word.

Die liga-wedstryde het alreeds 'n aanvang geneem en tot dusver het veral die A-span bo verwagting goed gevaar. Witrand is verslaan met 8 doele teen een. Daar is alle aanduidings dat hierdie span vanjaar weer baie goed sal vaar in die liga en die rekord van 1946 (n.l. 81 doele vir, en 9 doele teen hierdie span), staan in gevaar om gebreek te word. Aan die A-span spelers kan ons net sê „sterkte. Vir twee jaar is ons reeds onoorwonne. Probeer hierdie jaar hierdie prestasie handhaaf." Ons kan as ons wil.

Die B-span wat vanjaar uit baie nuwe spelers bestaan het nog nie die gehalte van spel bereik wat van hulle verwag word nie, maar met 'n bietjie meer oefening sal hierdie span 'n baie gunstige posisie op die puntelys van die liga inneem.

Saterdag die 24ste is die proefwedstryde van Wes-Transvaal op ons baan afgespeel. Nie minder as 7 van ons spelers het deelgeneem nie, waarvan 4 gekies is vir Wes-Transvaal n.l. **Mnre. A. v.d. Walt, J. Esterhuizen (Patrys), J. J. Grobbelaar en K. D. Struwig.** Hierdie persone word van harte gelukgewens. Ons weet dat julle die naam van P.U.K. as Wes-Transvaal spelers hoog sal hou, en, sterkte vir al julle wedstryde.

F. S. DU TOIT MEYERS

(Voors.)

*VOETBAL.*

## SPANNE VERSWAK VANWEË BESERINGS.

Die liga-wedstryde is in volle swang en P.U.K. sien met goeie hoop uit na die einde van die seisoen.

Ongelukkig is al ons spanne verswak vanweë beserings; as dit nie so was nie sou ons sekerlik nog geen nederlaag op die voetbalveld gely het nie. Tot dusver het ons slegs twee van ses wedstryde verloor. Ongelukkig is hierdie twee wat verloor is beker-wedstryde. Gelukkig is die jaar nog lank en as manne soos **Bul, Daan** so aanhou in die voorstes, **en as Spies** volhou met sy mooi breekslae, **en as almal op die pawiljoen herstel het,** gaan ons verseker nie onder aan die puntelys te staan kom nie.

C. VAN VUUREN (Sekr.)

Ons verneem dat **Gert Fourie** net lelik benoud is dat Dr. Broom hier moontlik 'n toespraak mag kom hou. Hy het glo alreeds sy plek in die fliek bespreek vir daardie aand, sodat dr. Broom nie 'n oog op hom kan kry nie. (Toemaar ou Gert, hy kom glo nie meer nie!)

„Ek geniet hul volle geur"



sê Mnr. Le Fras Strydom, Sportredakteur, Johannesburg.

Wat die Sportman betref, weet ek aan watter sigaret hy voorkeur gee! Springbok is sy keuse. En ek onderskryf dit. Ek geniet hul volle geur en hul ekstra grootte en sagtheid.

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR ONLANGSE UNIE-OPNAMES DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGS-ORGANISASIES

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande — skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure — oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok. *Geniet Suid-Afrika se Vooraanstaande Sigaret — Probeer Springbok Vandag!*

*„Hulle bevredig en ek hou van hul egte tabakgeur."*

*Brunton.*



SPRINGBOK

DIE SPORTMAN SE SIGARET

20 vir 1/-. Ook in pakkies van 10 en 50. *Met en sonder Kurkmondstuk.*

U/S 329

**M. B. BLOCH**

KERKSTRAAT,

HUISRAAD, STOWE
en
STOOFPARTE

**GILFILLAN EN STROH**

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN
FIETSREPARASIES

*Die Kwaliteit tel altyd.*

Probeer hierdie vir Ekenomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pijamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY

**TOD SUTTIE'S**

Die Mans Klerewinkel.

**CORNER FRUIT STORE**

VIR

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

● ● ●

HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.
Foon 118.

*Onder die Soeklig:*

# ONBEKENDE HELDE




Dat daar sedert die ontstaan van ons inrigting ongetwyfeld helde op die P.U.K.-gronde rondgeslinger het — dronk vanweë groot roem en faam in 'n spesifieke rigting, is onteenseglik duidelik. Die bewyse hiervoor word gegrond op sigbare tasbare gipsafdrukke, wat ontdek is tydens uitgrawing vir die fondamente van die nuwe geboue op Cachet.

Een van die duidelikste sigbare afdrukke vind u hierbo geprojekteer. Ongeag die feit dat geen besonderhede van bostaande held swart op wit in besit is nie, spreek bostaande projeksie self van ongekende heldehoedanighede.

Dit kan moeilik vasgestel word of diè held 'n Romein, Griek, Simiet of 'n Gatiet was. Die heldehoedanighede kan egter met meer sekerheid bepaal word. Dit kan onder meer verdeel word in **uitsluitlik** twee kategorieë:

**I. SPYKEROLOGIESE HELDEHOEDANIGHEDE.**

Sy helde hoedanigheid in die opsig kan nie gesoek word in 'n reeks van oorwinnings nie. Veel meer is dit te vinde op die gebied van sy **uithouvermoë.** Hiervan getuig al die bitter trekke en kompensasie houding. D.w.s. reekse van **bloutjies** moes sy daaglikse voedsel gewees het, totdat objektiewe bejammering sy bondgenoot geword het—vandaar dat hy staande kon bly en so kon voldoen aan minder strenge vereistes van gipsafdrukke.

**II. GAIPIAANSE LOOPBAAN.**

In die lig van die projeksie moes hy in hierdie opsig voorwaar 'n uitstaande held gewees het. Dit sou seker ook nie die geval gewees het as hy in die hanistiese-era of henistiese-era op die toneel verskyn het nie, maar toe die **kuiken-era** aanbreek het hy sonder verposing soos 'n **gemaskerde gewoonheid** sy verskyning gemaak. Hy moes 'n kuiken duisend gewees het. Hy was dus 'n kuikenheld of 'n heldekuiken gewees!

As kuiken met 'n gesplitste tongval en skrille piepstem moes hy die voorslag van die sweep van die Gaipe in genoemde Era gewees het. Die gevolg hiervan sou wees die uitpieping van reekse ordes en allerlei vervelende lawwighede. Hy moes geslaan het met die ordes van die bebloede oorlap en die witsokspennerorde en sèlf moes hy geslaan gewees het met die orde van **piepaanvalle.**

Hy was dus kuiken in eie kuikenoë

(Vervolg op bls. 9, kol. 1).

**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.

## EER AAN 'N GELEERDE..

Sedert die dae wat daar damestudente op die P.U.K. gekom het, en sedert die dae toe die manstudente uitgevind het dat die lede van die ander geslag begeerlik is vir die oë en mooi om na te kyk en bo alles aangenaam om sagtederlik in die arms te hou, het algemeen-amoreuse sake 'n lewendige belangstelling in ons midde geniet. Op die wyse het die vakwetenskap spykerologie ontstaan.

Dit is vir skrywer hiervan 'n besonder aangename taak om die grootste figuur op hierdie gebied te behandel. Sy werk was epogmakend, sy metodes, soos hy dit self beskryf, dodelik effektief omdat hy die fynere tegniese puntjies absoluut meester is.

Om by die naam van sy geleerde te kom: hy is die weleewaade **prof. dr. Fredricka Buytendachentius,** 'n geleerde van hoë naam en aansien in ons land en oorsee.

Sedert sy toetrede tot die terrein van die spykerologie het hy ongelooflike vordering gemaak. Na kortstondige arbeid van ongeveer twee maande het hy die eerste vrugte van sy onvermoeide ywer gepluk—die keis met 'n skone juffrou. Hierop is hom die doktorsgraad toegeken. Hierdeur aangespoor het hy moedig voortgestry en na drie jaar kon hy as verloofde die wêreld in die oë kyk—'n geleerde van naam met honderde leerlinge aan sy voete soos Plato van ouds. Op grond hiervan is hom 'n professoraat aangebied wat hy heel beskeie aanvaar het.

Dit is vir die P.U.K. 'n besondere voorreg om hom in die midde te hê. Sy persoon is 'n inspirasie vir alle beginners en stryders, sy kennis magnifiek, sy ondersteunende geskaterlag —oënskynlik miskien bietjie vulgêr—'n teken van matelose optimisme en naasteliefde. Waarlik 'n figuur met universele betekenis vir die spykerologie.

Wat sy metode van onderrig betref, beskik hy oor die byna bo-menslike vermoë om, nadat die objek van belangstelling aan hom meegedeel is, dit luidkeels aan die wêreld te verkondig. Hierdie vermoë kan baie goed begryp word deur hom met die mikrofoon by 'n uitsaaistasie te vergelyk.

Soveel vertroue het hy in sy metodes dat hy nie alleen aan al sy leerlinge onmiddellike sukses waarborg nie, dog self meen dat as hy self weer in die kryt te staan sal kom, hy binne 24 uur die hart van 'n skonere as sy vaste eiendom sal kan beskou in die sin dat sy sy meisie is.

Professor, ons innige dank aan u vir u baanbrekerswerk en u, hoewel nie altyd gevraagde dog altyd gewaardeerde, raad.

Met nederige erkentenis,

LEERING.

---

(Vervolg van bladsy 8, kol. 3).

'n held en sy helde hoedanighede kan dus saamgevat word eintlik onder die Gaipaanse kategorie wat mede uit die projeksie spreek nl.: Van waar Gahasie en van waarheen!

Oor hom het die sluier van vergetelheid weer gesak!

---

Ons is 'n jong volkie. Aan jongmense is daar ouers gegee om hulle op te voed en teen gevare te waarsku. So het ons jong volk sy leiers. Ek hoop dat hulle in hierdie krisistyd getrou bevind sal word in hulle waaksaamheid.—Totius.

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.
PROBEER ONS
VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.
*Eienaar:*
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

BLACK'S
DAMES EN MANS
UITRUSTERS
* * *
Posbus 197. Foon 179.
KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

DU TOIT & ELOFF
Kerkstraat 59, Foon 187.
Mans- en Damesklerasie, Kruideniersware, Vars Vrugte en Groente.

DIRK PONS & KIE.
(Afrikaanse Pers Beperk).
BOEKHANDELAARS EN UITGEWERS.
Agente vir:
"ROYAL" DRAAGBARE TIKMASJIENE
geskik vir:
Onderwysers en Studente
Posbus 149. Foon 363.
POTCHEFSTROOM.

KOM NA——

PROTEA HAARKAPPERS

KING EDWARDSTRAAT 51, POTCHEFSTROOM. (Regoor Queen's Hotel)

vir

GOEIE DIENS EN NETHEID.

Eienaars:

W. J. van Graan, P. J. van der Rheede.

HORLOSIE STUKKEND?

BRING DIT NA DIE

Europese Fabrieksgeoefende Horlosiemaker en Juwelier

P. H. JOB

KING EDWARDSTRAAT 51 (oorkant Queen's Hotel) POTCHEFSTROOM.

DANILATOS UITRUSTERS.

*Die Winkel vir Waarde.*

ONS SPESIALISEER IN KLERASIE VIR MANS EN SEUNS.

Besoek ons en oortuig uself.

Hoek van Lombard- en King Edwardstraat, Potchefstroom.

## LEKKERSKINNER.

Dis geen wonder dat **Napoleon** sulke roemryke oorwinnings in Europa behaal het, as hy maar net so aggressief opgetree het as sy naamgenoot (tans aan etenstafel!)—maar sy dag het gekom, hare **ook**!

* * * *

As **Jan Bas** nie onlangs gekys het nie, dan wou dit darem al net lyk of die Van die Walts ongelukkige mense is: **Jan Bas** WAS glo as desperaat (seker nou eers—of hoe?); **Martiens** IS desperaat, en dit lyk of **Nassie** dit sal BLY.—Toemaar kêrels, alle tokkelokke word glo later so as hulle geen vasskopplek kan kry nie; berus maar.

* * *

**Hoe het die tye tog verander!** In die laaste „Wapad" het die brakkie nog sy neusie in **Agnes de Wet** se nek gedruk—nou doen **Hefer** dit (is ook maar die selfde!)

Toe het **Jood** nog verweelklere gedra—nou het hy vir hom 'n jas gekoop.

Toe wou **Tinie** nog Hollands loop—nou **doen** hy dit (al is dit aandklasse, en boonop nog prakties ook).

Toe het **Willie** nog met Spitfires rondgejaag—intussen het daar iets met die radwerk verkeerd gegaan en nou soek hy glo ander veggoed.

Toe was **Frans Buys** se rib nog af, en nou is hy glo geholpe—of was dit al voor die tyd? (Die rib **moes** darem eers af!)

* * * *

Die ou ouheer **Villie Wenter** raak erg ontsteld oor sy toekoms. Die vrees dat hy dalk met leë hande die P.U.K. sal verlaat, besorg hom menige slapelose nag. Aangesien hy in sy soektog tot dusver nognie suksesvol was nie, en aangesien sy BUUR sy SNOR afgeskeer het om beter te kan beweeg as pleitbesorger, wens ons hom alle sukses toe.

* * * *

Gesprekke aan eettafels bereik soms hoogtepunte in verband met „case"-aangeleenthede in Thabajah. Veral dien hier gemeld te word, die sg. groenetjies in die spykerologie. As vanselfsprekend vind daar dan heelwat gesprekke plaas, waarvan die volgende tiperend is:

Santie: „Ek verstaan dat 'n sekere onderwyseres op Viljoenskroon in Junie-maand gaan trou."

Chris Meyer (dood ernstig): „Moenie so indringerig wees nie!!"

* * *

Die **Dik Daan** stel baie belang in sportaangeleenthede; veral as hy in die koerant lees van die prestasies van oud-P.U.Kaners. By eerstejaars soek hy ook weer soos gewoonlik die gemeenskaplike koerant en sê: „Kyk net vir ou Basie! Wag maar—as ek eendag hier weg is lees julle dieselfde van my."

Eerstejaar: „Ja nee, ons tweedespan hakker het juis nou die dag so ge-„shine"!"

Daan: „Wat wou tweede span! Jy bedoel seker eerste span!

* * *

'n Student van Gathland Oos
Die word tog soms so boos,
Want rymelaar wil hy nie wees,
En digter is te ver vir sy gees,
Wat dan? Koerantman of so?
Die Redakteur van die daily weekly bo!
Voetbalkenner, filoloog of wat?
Laat staan maar—hy val oral plat!

SENTRALE NUUSAGENTSKAP

C. N. A.

SKRYFBENODIGHEDE:—
Alles wat Studente nodig het in voorraad.

BOEKE:—
Vir opleiding of ontspanning—wat ons nie in voorraad het nie, sal ons op versoek bestel.

DIENSTE:
Ons Winkel is spesiaal ingerig sodat u deur ons Boeke kan snuffel na hartelus.
Ons Koerante Aflewerings strek oral deur die dorp.
Ons is direkte agente van alle Afrikaanse en Engelse Uitgewers.

10% Afslag op alle Opvoedkundige Boeke aan Studente.

# KORRESPONDENSIE

Meneer die Redakteur,

Ek moet nou-nou klas-toe gaan. Maar voordat ek loop, wil ek gou eers vir julle daar in die redaksiekantore vertel hoe ou Doom Bys my laat stik het nou die môre.

Ek en die ou was alleen. Ons het elkeen met 'n koppie koffie in die hand gesit. Sy woordeskat was weer ryk dié môre. Ek het gevrees vir die drinkery, want ou Doom is geniepsig —nes jy 'n lekker sluk koffie in jou mond het, dan begin hy met „kieme, insekte, muishonde" en so meer. Nou ja . . . . vir mense met my mentaliteit is dit te veel. Dit kos maar 'n enkele van ou Doom se „insek"-gesegdes om my sommer die hele mondvol koffie te laat uitproes.

In elk geval, daardie môre het dit vir my gelyk of ek darem die paal gaan haal met die koppie koffie. So nou en dan het ek skuins na hom geloer. Sy kopvel het soms gevaarlik begin ruk, maar ek was taamlik gerus teenoor die ou; eintlik te gerus, want eindelik het ek met 'n laaste groot mondvol die koppie tot op die bodem geledig met 'n gevoel van dankbaarheid dat die drinkery so sonder teëspoed verloop het . . . .

Die laaste mondvol was egter net op die punt om ingesluk te word, toe die omroeper oor die radio sê: **„Om hierdie program nou af te sluit, draai ons vir u . . . . . "**—hier word hy egter deur ou Doom in die rede geval wat die sin van die omroeper met die volgende woorde voltooi: **„die plaat om."**

Wat jùlle nou ookal daarvan dink, gaan my nie aan nie, maar vir my was hierdie onverwagse aanvulling van ou Doom genoeg om my genot by die koffie-drink te laat verander in ontstellende hoes- en rukbewegings. Na ek my moeg gespartel het om weer my asem te herwin, was sy enigste kommentaar: **„Jou hele liggaam is seker deurtrek van koffie."**

PHILOS.

---

Hoofkwartiere,
Die Bloutjieorde,
Potjiesdorp.

Geagte Mnr. die Redakteur,

Jy kan maar wegskram en skram, maar as iets 'n gewetenssaak geword het, dan moet jy maar die onmoontlike aandurf en die onaanvegbare beveg. Dis wat my nou te beurt val—om met 'n sekere hooggeplaaste heer en die Eva geslag te baklei. Hoekom?—omdat hulle nie fyn genoeg kan onderskei nie.

Die Meneer het een aand gesê: Ons Afrikaners ken nie meer die woordjie **„Nee"** nie. Het die Meneer egter net een verdere klein onderskeiding getref, dan het ek nie vandag met hom gestry nie; maar dis juis hierdie klein onderskeid wat krap—eers het dit gekielie, maar na 'n rukkie het die gelag in geween verander.

Om nou sommer die plank uit die gat te stamp en in die wapad te val; ek verskil met die geagte heer daarin dat daar in die hele Afrikaanse taal nie nog 'n woord is wat ek (en nog 'n ander ou) in die jare wat ons al op

(Vervolg op bls. 12, kol. 3).

**DIE LOKALE HAARKAPPERS**

**LANGSAAN KING'S HOTEL.**

Foon 902

Eienaar:

**P. W. TALJAARD**

**SKOONHEID EN DIE BESTE DIENS GEWAARBORG.**

SPREEK ONS I.V.M. ONS MAANDELIKSE SKEMA.

(Vervolg van bls. 4, kol. 3).

teenoor onsself.

Ons as studente, die sogenaamde toekomstige leiers van ons volk, is besig om deur ons eie waan onsself te vernietig, ons is besig om die toekomstige volk te vernietig! Die dolk waarmee ons andere moet steek sink al hoe dieper weg in die murg van elke student, en ons steek dit self steeds dieper en dieper in, om sodoende ons eie lamheid en slapheid steeds meer en meer te bevorder. Geagte leser, ons onvermoeë om onsself reg te ruk toon al klaar dat ons geestelik al te slap is. Ons praat nog net daar oor, en ek voorsien dat ook ons monde oor nog 'n kort rukkie ook slap en pap sal hang!

Geagte leser, vra uself af, nou op hierdie oomblik wat u werklik doen, behalwe studeer, (as u nog studeer). Vra uself af wat u instaat is om te doen. U sal u kop in skaamte moet laat sak, en wees gerus as u dit nog doen.—As u dit egter nie kan doen nie, is dit 'n teken dat die lamheid ook u gewete verteer het.

Laat ons ophou om oor die dinge te praat. Onthou. „Die goud van die liefde wil klink in die sonlig van die daad." (Ek siteer uit die eerste uitgawe van „Die Wapad")—Laat ons **nou** begin, en by onsself begin.—Laat ons besluit om van **nou** af ook ons deel bytedra. Om van **nou** af aktief deelteneem! Die enigste manier waardeur u en ek kan wakker skrik is om dadelik op te tree.

Tenslotte net dit. Miskien het iemand die brief gelees, en met 'n skouerophaling gevra: „Watter lamheid en slapheid word hier melding van gemaak?"—Laat hy net bietjie sy oë oopmaak en minder opgenome met homself wees. Gaan na die vergaderings van Korps en P.A.N.S.O., gaan na die sangoefeninge, gaan na die leë kamers, geslote boeke en kaal studeertafels.—Meer nog: Gaan vra wat die studente vir hulle volk doen—**Hier** op Potchefstroom, en nou op die oomblik. As u nog nie oortuig is nie, vind bietjie uit, en u sal skrik as u uitvind dat sommige studente nie eens weet waar die kerke in Potchefstroom geleë is nie.

Daarom maak ek 'n oproep op u gewete.—En as dit nie meer wil help nie, kan ons net sluit met dié woorde— „Laat die wat sleg is nog slegter word."

Dankie.

W. J. DE KLERK.

(Vervolg van bls. 5, kol. 2).
weging kon verhinder nie. Nouja, in elk geval is hy so rek-rek die dorp binne.

Die hoofstraat in! A ha, kyk bietjie wat gaan nou daar aan. Sommige tannies en gekappiede nooientjies val flou—eienaardig genoeg—een oog bly altyd oop. Omies vloek hees en druk net vroumens oë toe. Daar kom beroering in die strate.

Woester nou, doller die straat af. Dail se asem fluit deur sy mangels en sy kleintongetjie is omtrent af. Sy voete is klaar, maar daar is ander dinge wat meer aandag nodig het. Markplein-toe seil die bul onder donderende pote geklap. Oorblufte kinders tou agterna, maar verloor vinnig veld. Sommige omies ja agterna te perd om Dail te „cover."

Nee, nee, nie dit nie! Die bul kies koers reguit na Dail se aanstaande skoonouers se huis-toe. 'n Stowwerige mensemassa tou die straat op agter die gedoente aan, maar die twee verskuif vinnig voor. Nader aan die gevreesde huis. Ag, is redding ver?

Dail se hart skop ritmies saam met die geklop van pote—sy pote en die bul s'n—en woeps gly sy hand los en daar staan Swart Dail soos Tarzan sonder sy tiervelletjie. Hygend, stowwerig en nat van die sweet vertrek hy daar terug dam-toe. Deur die aanstormende mensmassas peil hy—die bul hardloop glo nou nog—en kinders en grootmense maak oop voor. Nog 'n paar honderd tree. Helaas, water!

Daardie dag was daar darem groot neukery op Molteno en Dail het maar van toe af in die donker kol van die dorp gebly.

My oupa Dail darem, hy's darem duidelik 'n tuwwe ou.

Deur P.W.R.

# HUWELIKSAANSOEK

Dit moet goed gekomprihendeer word dat die skrywer hiervan geensins 'n grap probeer maak of dat hy jokulêre neigings of aanverwante verskynsels hier in taalvorm giet nadat hy dit vergeestelik het nie; dat, hoewel hy Lappiek loop, hy geensins abnormaal of geestelik krank, of van sy sinne berowe of ontneem is nie.

Die skrywer doen hiermee te kenne te gee dat hy 'n vrou **oftewel** 'n eggenote **oftewel** 'n kys soek, al is hy nie verteenwoordiger van die huisvader in Thabajah nie.

Die vrou, oftewel eggenote, oftewel kys moet 'n dogter van onbesproke karakter wees, sonder geestelike inhibisies of skurwe hakskene. Sy moet broos van tekstuur en in volle beheer van haar spraakorgane wees, seggende, sy moet nie woorde by haar snawel op die skrywer laat uitstroom soos skottelgoedwater uit 'n koffiekan vol teeblare in 'n gebarste koppie nie—o solo mio!

Verder sal die skrywer hiervan dit appresiëer as die vrou, oftewel eggenote, oftewel kys haar onthou van vettige spyse soos Coco-Cola, roomys om „milkshakes." Daarenteen moet sy haar behae in skep om te aanskou hoe haar heer en meester se kake op en af maneuvreer soos hy hom aan haar droë beskuit dik eet, terwyl die bondigheid van sy oorvol kieste haar etiese gevoel moet aangryp.

Die „hindview" van die suksesvolle applikant moet majestueus-magnifiek wees, terwyl 'n warm jas met diep sakke (siende op die komende winter) 'n besliste aanbeveling is.

Tenslotte, die skrywer is 'n onjongkêrel.

HANNIE.

(Vervolg van bls. 11, kol. 2).
die P.U.K. is meer gehoor het as juis die groot woord „Nee" nie. En die heer het nie die onderskeid tussen „Nee" en „Nee" getref nie—of laat ons dit noem: die regte en die verkeerde „Nee." Of ek (en die ander ou) is nie Afrikaners nie, òf die meneer jok. Maar miskien was sy ondervinding ook anders as ons s'n.

Maar om op die dogters van ons volk terug te kom: hulle kan ook glad nie onderskei nie. As dit moet „Nee" wees, dan is dit „Ja" (glo om nie snaaks te wees nie), maar as hulle moet „Ja" sê dan is dit gedoriwaar „Nee" (en dis **dit** wat my en die ander ou so seer maak!) As lang rokke en rooiklip en rooi verf en Hollywood en Parys met al hul ander soort rokke en klippe en verwe ter sprake is, dan mag jy mos nie „Nee" sê nie. (Hoeré vir die hooggeplaasde heer), maar as dit op **teer sakies** aankom, dan, om nie altyd „Ja" te sê nie, word „Nee" gesê.

Ek sou dan graag die heer se stelling só wou wysig, as ons van die Afrikaanse Evas praat: **Die Amerikaners en Engelse en Franse ken vandag nie meer „Nee" nie—maar wel deeglik die Afrikaners (en té goed!)**

Mag die onderskeidingsvermoë tog ontkiem voordat dit te laat is, en die „Orde" die ganse menslike manlike geslag omvat.

JA-NEE (pgm.)

## *SOU EK NOG BERUS HET.*

*My siel wil in sy eenvoud*
*aanbiddend tot U gaan,*
*want pynlik die belewing*
*van sekerheid ontdaan.*

*Onseker is my toekoms—.*
*Tog is dit vasgelê . .. . .*
*En daarin's my berusting*
*dat U dit my ontsê.*

*Maar sou ek nog berus het*
*as al die weë wis*
*(wat U vir my bepaal het)*
*waarop ek pelgrim is?*

*L. S. KRUGER.*

(Vervolg op bls. 3, kol. 2).
om 'n eerste preek by te woon. Dan luister ons beter as gewoonlik, in die eerste plek natuurlik om die nodige stigting te bekom, maar darem ook so 'n bietjie in die hoop dat daar minstens een gedenkwaardigheid sal plaasvind, wat so'n eerste optrede vir altyd in die herinnering sal laat voortlewe.

(Gedruk deur Die Westelike Stem).

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.